# KRUISGENOOT

27 April 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Leef teen die stroom

## Handelinge 5:17-42

# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Bessie & Hansie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton

# LEKKER VERJAAR

| | | |
|---|---|---|
| 27 April | - | PG Bekker |
| 27 April | - | Koos Beneke (81) |
| 28 April | - | Johan van Wyngaard |
| 29 April | - | Tiana Dodkins |
| 29 April | - | Linda Scribante |
| 29 April | - | Dwayne Van Bosch |
| 30 April | - | Pieter Coetzee |
| 1 Mei | - | Marie Germishuys |
| 1 Mei | - | Mala Klynsmith |
| 2 Mei | - | Alexè Rautenbach |
| 2 Mei | - | Dries van Rooyen (85) |
| 3 Mei | - | Jacomina De Wet |
| 3 Mei | - | Lienkie Venter |

# bid



**Laos**: Pray for the Hmong literacy project in Laos, which aims to help non-literate speakers read the Scriptures in their mother tongue. This initiative will benefit many in rural areas.
**Vietnam**: Pray for the translation of the Bible into the Nung Chao dialect, a language spoken by over 600 000 people in Northern Vietnam. This project will enable the Nung Chao people to access God's Word in their mother tongue.
**Cambodia**: Pray for the success of a project promoting Bible reading within families. This initiative aims to strengthen spiritual growth in families through shared Bible study and activities.

# UITDAGINGS VIR DIE CHRISTELIKE KERK IN SUID-AFRIKA

Deur: ASR Martins – huiskerk.co.za – 'n uittreksel

Ons land se regering wil die liggaam van Christus in Suid-Afrika beheer deur middel van wetgewing!

Dit wil voorkom asof ‘n nuwe dag met nuwe uitdagings vir Suid-Afrikaners aangebreek het. Nie net op die politieke front nie maar ook op die geestelike. Die beherende party in ons regering is in die proses om (stadig maar seker) deur die opposisie party vanuit sy magsposisie gedwing te word. Ons weet nog nie watse komplikasies dit vir die burgers van ons land inhou nie. ‘n Magsverskuiwing gaan beslis ‘n groot toets vir die demokrasie in ons land wees.

Dan is daar ook die nuwe aanslag op geestelike gebied wat die burgers van Suid-Afrika nou bedreig. Hierdie bedreiging word deur bose magte van regoor die wêreld aangeblaas. Dit is nog ‘n groter bedreiging as moontlike politieke verskuiwings omdat dit daarop gemik is om godsdiens vryheid in ons land aan bande te lê.

Ons het gehoor van die “Hate Crimes Bill” en ons het ook gehoor van ander voorgestelde wetgewing wat die regering in ‘n posisie gaan plaas om die kerk voor te skryf en in ‘n mate die kerk te beheer. Dit is vanselfsprekend maar net die eerste stap en niemand weet wat moontlik daarna kan volg nie. Die voorgestelde wetgewing sal definitief die kerk in Suid-Afrika ‘n staatsbeheerde instelling maak as ons dit nie teëstaan nie. Die voorgestelde “Hate Crimes Bill” het eintlik niks met die kerk te doen nie maar veiligheidshalwe moet die kerk in hierdie wetgewing kwytgeskeld word om die moontlikheid van misbruik uit te skakel.

Presies wat staan ons as Christene te doen om hierdie aanslag suksesvol die hoof te bied?

Ek wil eers net noem dat die huidige voorgestelde wetgewing aangepas moet word deur middel van kwytskelding ten opsigte van die prediking van die evangelie van Jesus Christus. Hierdie kwytskelding moet noodwendig alle Christene insluit omdat alle Christene ‘n opdrag ontvang het om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Hierdie opdrag aan die kerk moet natuurlik uitgevoer word soos Jesus dit bedoel het. Om hierdie rede moet die volle waarheid ten alle tye verkondig word en moet die kerk getrou bly aan die woord van God. Natuurlik kan geen wetgewing ooit aanvaar word wat teenstrydig met die opdragte van God of teenstrydig met sy woord is nie. Die kerk se funksie as verteenwoordiger van God en die konstitusionele regte van alle burgers van Suid-Afrika, ten opsigte van godsdiensvryheid, kan en mag nooit deur die regering ingekort word nie. Natuurlik kan die kerk nooit enige wetgewing aanvaar wat die regering in staat stel om die kerk voor te skryf en te beheer nie. Inteendeel, dit is eintlik een van die funksies van die kerk om die regering voor te skryf. Daar behoort nooit ‘n verwydering tussen kerk en staat te wees nie. Die kerk behoort altyd die fondasie te wees vanwaar die regering die land bestuur. ‘n Regering wat nie regeer volgens die beginsels van die woord van God en die waardes van die Christendom nie, is nie ‘n redelike of moreel toelaatbare regering nie.

Ons kan nooit toelaat dat selfs die geringste wetgewing ons stil maak of ons leefwyse as kinders van God beïnvloed nie. Ons moet ten alle koste die waarheid verkondig soos wat Jesus Christus ons beveel het. Ons kan nie afwyk daarvan nie. Ons kan nie toelaat dat die regering beheermaatreëls op die kerk toepas nie. Ons het geen ander keuse as om dit te weier nie. Al gooi hulle ons in die tronk en al vat hulle ons geld deur middel van boetes of op enige ander manier. Ons moet God meer gehoorsaam wees as mense.

Ons moet egter almal weet dat die kerk haarself nooit op ‘n geweldadige wyse mag verset nie. Jesus het vir Simon Petrus belet om dit te doen toe hy die Romeinse soldaat se oor afgekap het. Jesus se woorde was “He who lives by the sword will die by the sword”.









600mm x 900mm
Loodjies R30

